

6 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:26-30

Fokusgedeelte: Genesis 1:27

Die mens goed geskape: Beeld van God

Die Here het 'n vreugde in die skepping van jou as mens gevind. Só roem wysheid: Ek het my verlustig in die wêreld wat Hy gemaak het, die mense was vir my 'n vreugde (Spr. 8:31). God het van alles wat Hy geskep het, dit die meeste geniet om die mens in sy skepping te plaas as sy verteenwoordiger. Hy eer die mens deur hom heel laaste te skep. Wanneer Hy die mens gaan skep, gaan God in Homself beraadslag en daarin staan sy liefde vir die mens voorop. Hy lê in die goeie en skoon liggaam wat Hy vir die mens berei het 'n onsterflike en intelligente gees of siel. 'n Gees wat God reg kon ken, van harte kon liefhê en sy wil in alles kon verwerklik.

Die opdrag van God bevestig dat jy gebore is om Hom te verteenwoordig en te heers oor wat Hy gemaak het en wat sy eiendom is. Jy moet sy skepping ontplooi en nog verder bewoonbaar en bruikbaar maak tot verheerliking van sy Naam. Jy is bedoel om van God se skepping te geniet deur daarop te lewe met geestelike begrip dat jou lewe beteken: Om jou Skepper te verheerlik.

Jy moes seker al 'n keer jou skool of werk verteenwoordig. By so 'n geleentheid kan mense jou vrae vra oor jou skool of jou werk. Jy kan dan al die goeie eienskappe van jou skool opnoem, maar die meeste kere word jy nooit 'n vraag gevra nie. Mense kyk na jou en sien jou gedrag. Net só is dit ook met ons wat God elke dag in die wêreld moet verteenwoordig. Soms vra mense jou uit oor God, maar die meeste kere kyk hulle net na jou om te weet wat hulle oor God moet dink. Mag God oor jou bly en trots wees as sy verteenwoordiger. Jy is 'n lewende brief van Christus.

Sing: Psalm 8:3, 4, 5 (1936)

Ds. DJ Bakker (Boksburg)